VLAK 4
Opsomming van regulasies

Toelaatbaar	Nie-toelaatbaar
1. Oefeninge • Fietsry, hardloop, stap (ook met hond) • Binne 5km radius van jou huis • Tussen 6vm en 9vm ***GEEN PERMIT NODIG NIE***	• Georganiseerde groepe
2. Beweging van kinders • Beweging tussen ko-ouers of versorger ***BENODIG:*** • ***Hofbevel*** **(binne provinsiale en munisipale grense)** • ***Goedgekeurde toesigooreenkoms soos goedgekeur deur 'n gesinsadvokaat*** **(binne provinsiale en munisipale grense)** • ***Permit – VORM 3 van Addendum A (Landdros)*** **(oor provinsiale en munisipale grense)**	• Kinders mag nie oor munisipale en provinsiale grense beweeg word nie, behalwe as Vorm 3 van Addendum A deur 'n Landdros ingevul word. Landdros moet voorsien word van 'n geboortesertifikaat wat verband tussen kind en ouer bevestig en <u>skriftelike redes</u> hoekom die kind geskuif word. • Kinders mag nie oor provinsiale grense geskuif word om gewone kontakregte na te kom nie. (Bv. Een week in Sasolburg, een week in Vereeniging.)
3. Huis verlaat om: • Te werk (toelaatbare beroepe) ***VORM 2 van Addendum A*** • Inkopies te doen (toelaatbare goedere/dienste) ***GEEN PERMIT NODIG NIE*** • Om mediese sorg te verkry ***GEEN PERMIT NODIG NIE*** • Om 'n begrafnis by te woon	• Sosiale aktiwiteite • Mag nie na 8nm of voor 5vm uit die huis gaan nie (behalwe as jy 'n noodsaaklike diens verrig of vir 'n mediese of veligheidsnoodgeval) • Reis oor provinsiale en munisipale grense behalwe:

VORM 4 / 5 van Addendum A **MOET NEUS EN MOND BEDEK (bv. Masker)**	- Eenmalig om terug te keer na huis; - Vir begrafnis (Vorm 4/5) - Om noodsaaklike diens te verrig / te werk (commute) (Vorm 2) - Skoolleerders om skool by te woon
4. Begrafnisse • Wie mag bywoon: - Eggenoot/lewensmaat - Kind / skoonkind - Ouer - Broer/suster - Oupa/ouma - Aanneemouers / -kinders / stiefouers / -kinders • Indien oor provinsiale/munisipale grense: ***VORM 4 VAN ADDENDUM A (Landdros of SAPD – doodsertifikaat / beëdigde verklaring benodig)***	• Meer as 50 persone
5. Produkte wat verkoop/gekoop mag word • Voedsel, koeldrank, water en dierekos • Gekookte kos – slegs aflewering (insl. restaurante en wegneemete instellings – van 9vm tot 7nm) • Toilet papier, sanitêre produkte, persoonlike higiëniese produkte en skoonmaakmiddels • Produkte vir sorg van babas en kleuters • Mediese produkte en toerusting • Brandstof, steenkool, hout, parrafien en gas • Lugtyd en elektrisiteit • Hardeware • Motor parte vir noodsaaklike herstelwerk • Materiaal vir maskers/PPE • Wintersklere, skoene, beddegoed	• Sigarette • Alkohol • Meubels • TVs en ander elektroniese toerusting wat nie as “tuis kantoor” toerusting geag word nie. • Huishoudelike items, soos kombuisware

• Kinderklere • Materiaal vir maak van wintersklere en kinderklere • Verwarmers • Skryfbehoeftes • Opvoedkundige boeke • Rekenaars, selfone en ander “ICT” toerusting • Koerante	
6. Dienste wat gelewer mag word • “ICT” dienste • Finansiële dienste • Privaat sekuriteitsdienste • “Payroll” • Versekering, pensioen, mediesefondse, bankdienste • Motorverkope onder direktiewe (nog nie bekend nie) • Motorverhuring, toerustingverhuring, chauffeurdienste as ondersteuning aan toelaatbare dienste • Belsentrums • Ander professionele dienste vanaf huise - nie kantore nie. • Persone wat sorg bied aan kinders, bejaardes en mense met gestremdhede • Huiswerkers wat inbly • Motorherstel- en insleepdienste • Vervoer vir toelaatbare goedere en vir uitvoere • Vervoer – taxi, uber, ens. vir toelaatbare aktiwiteite • Akkommodasie vir kwarantyn, noodsaaklike diens werkers of bywoning van begrafnis.	• Skuldinvordering • Huisagente • Tuindienste • Haar- en skoonheidsalonne • Huisskoonmaak (behalwe indien werker inwonend is) • Vermaak – teaters, flieks, dobbelhuise, ens. • Trek van huishoudelike goedere

Hoofstuk 3 paragraaf 6

Bepaal dat oorsese toeriste wat in SA is, moet bly tot aan einde van vlak 4 behalwe as daar reëlings met die betrokke ambassade getref is

en die toeris begelei word tot by die lughawe – die persoon mag dan weer sifting ondergaan.

Persone wat toegelaat word om te werk, het slegs VORM 2 van ADDENDUM A nodig. Vir mikro-ondernemings sal daar direktiewe deur departmente van kleinsake ontwikkeling uitgereik word.

OPSOMMING VAN REGULASIE 480, uitgereik op 29 APRIL 2020, Gazette nommer 43258

1. **Oefeninge *Artikel 16(2)(f)***

- **Jy mag fietsry, hardloop of stap;**
- **Slegs binne 'n 5km radius van jou huis;**
- **Nie in georganiseerde groepe nie; en**
- **Slegs tussen 06:00vm en 09:00vm.**

2. **Kinders *Artikel 17 (1) (2) (3) (4) (5)***

- **Word toegelaat om terug te keer huis toe indien hul nie tuis was nie**

3. **Beweging *Artikels 5(5)(a); 5(1)(2)(3); 16(1)(2)(3)(4)(5); 18(1)(2)(3)(4)(5)(6)(7)(8)(9)(10)(11)***

- **Jy mag jou huis slegs verlaat vir werk, inkopies, mediese sorg, veaartsdienste, oefening, begrafnis, om kinders te beweeg (of skool toe te neem) of noodgeval.**
- **Beweging tussen provinsies is beperk – slegs om noodsaaklike diens te lewer, begrafnis by te woon, eenmalig terug te reis na huis of kinders te skuif.**
- **Jy mag begrafnisse van naasbestaandes in jou munisipaliteit bywoon onder streng beperkings.**
- **Jy mag begrafnisse van naasbestaandes in ander provinsies/munisipaliteite bywoon, maar moet dan 'n permit bekom by Landdros of SAPD (met doodsertifikaat of beëdigde verklaring).**
- **Skoolleerlinge mag oor munisipale/provinsiale grense reis om skool by te woon, indien nodig.**
- **Mense wat tussen munisipaliteite/provinsies moet ry vir werk moet in die besit van die ingevulde vorm (Vorm 2) wees.**
- **Jy moet vd werk af huis toe beweeg.**

- **Jy mag nie kuier by familie of vriende nie.**
- **Tussen 20:00nm en 05:00vm moet jy by die huis wees, behalwe as jy 'n noodsaaklike diens verrig of weens noodgevalle.**
- **Daar gaan 'n eenmalige vergunning wees vir mense om te reis vanaf die provinsie/munisipaliteit waar hul tans is om na die provinsie/munisipaliteit te beweeg waar hulle werk en skool gaan.**
- **Mense word aangemoedig om vanaf hul huise te werk.**
- **Mense moet hul neus en mond bedek as hul die huis verlaat met 'n gesigsmasker of 'n serp.**

4. **Landsgrense, Hawens en lughawens *Artikel 16(5) (6); 20***

- **Die grense bly gesluit behalwe vir goedere.**
- **Mense wat aankom vanuit die buiteland moet vir 14 dae in kwarantyn geplaas word, dit sluit buurstate en vanaf die buiteland in.**

5. **Eiendomme en grond *Artikel 19***

- **Mense mag nie uit hul eiendom uitgesit word nie.**
- **Grond en eiendomme mag nie onwettig beset word nie.**

6. **Vervoer *Artikels 20; 22; Tabel 1(J)***

- **Taxi's, motors, treine en busse mag in bedryf wees met bestaande riglyne wat voortduur.**
- **Alle goedere wat kragtens vlak 4 vervaardig mag word, mag vir uitvoere na hawens vervoer word.**
- **Alle landbouproukte mag na hawens vervoer word.**
- **Alkohol mag vervoer word om uit te over.**
- **Invoerprodukte wat kragtens vlak 4 toegelaat word, mag oor die land heen vervoer word.**

7. **Byeenkomste en plekke *Artikels 23; 24 en 25***

- **Byeenkomste en plekke waar mense vergader word steeds verbied soos openbare parke, sportgronde, strande, swembaddens, vlooimarkte, dobbelhuise's, nagklubs en teaters.**
- **Besoeke aan gevangenisse, aanhoudingselle, hospitale ens. mag slegs onder streng beheer plaasvind en slegs wanneer 'n persoon toestemming het om die betrokke fasiliteit te besoek.**

8. **Landbou en produkte *Artikels 26; 27; Tabel 1(A)***

- **Alle landbouprodukte word toegelaat om uitgevoer te word. Produkte wat vir uitvoer produseer word, mag uitgevoer word.**
- **Bosbou asook Landbou-navorsing word toegelaat.**
- **Vissery-bedryf mag oop wees maar instruksies sal volg dat massamense nie gaan oes nie.**
- **Bye-plase sal in bedryf kom.**
- **Wyn, ander alkoholiese drank en wol mag uitgevoer word.**
- **Hele landbousektor sal onder streng omstandighede mag heropen.**
- **Vervaardigers van trekkers asook winkels wat lanbouprodukte verkoop mag heropen.**
- **Verkope van alkohol en sigarette bly verbode.**
- **Winterklere en ander winterprodukte sal toegelaat word.**
- **Veeveilings mag onder streng omstandighede plaasvind.**

9. **Ondernemings en staatsinstellings *Artikels 5 (4)(5)(b)(c)(d)(e); (7); 10(a)(b); 16(6)(a)(b)(c)(d); 28; 29; 30; Tabel 1 (B,C,D,E,F,G,H,I,K,L,O,P;***
- **Moet Covid-19 gereed wees en moet voldoen aan die gesondheidsmaatreëls.**
- **Persone wat na siek, bejaarde, gestremde persone asook verstandelik gestremde persone omsien asook die wat na kinders omsien mag weer begin werk.**
- **Slegs huiswerkers wat inbly en die wat bg. take verrig, mag terugkeer werk toe.**
- **Restaurante mag slegs vir die aflewering van kos aan klante oop wees en geen persoon mag by ‘n restaurant sit en eet nie. Restaurante en wegneemete instellings mag slegs tussen 9vm en 7nm kos aan klante aflewer.**
- **Haarkappers en skoonheidsalonne bly gesluit.**
- **Koerier en posdienste word toegelaat.**
- **Plaaslike TV produksie mag vervaardig word.**
- **Finansiele en sakesektors is oop.**
- **Hotelle, gastehuise ens word slegs gebruik vir kwarantyn, noodsaaklike dienste en mense wat begrafnisse bywoon.**
- **Noodsaaklike munisipale dienste, Hoofstuk 9 instellings en die parlement/wetgewers/munisipale rade word as noodsaaklik geag.**
- **Informele herwinners mag werk asook maatskaplike dienste.**
- **Dienste heropen soos jou lisensiekantore, meesterskantore en die uitreik van geboorte sertifikate.**

- **Elektrisiëns, loodgieters, ander ambagsmanne en mense wat motors herstel mag nood herstelwerk doen.**
- **Pad en bouprojekte sal plaasvind.**
- **Sekere fabrieke sal op volle kapasiteit kan werk.**
- **Die vervaardigingsbedryf is oop vir beperkte produkte.**
- **Winkels wat wintersklere, beddegoed, rekenaars en kantoortoerusting verkoop mag oop wees.**
- **Skryfbehoeftes en opvoedkundige boeke mag verkoop word.**
- **Motorhandelaars sal geleidelik oop maak.**
- **Werknemers ouer as 60 moet geleentheid gegun word om vanaf die huise te kan werk.**
- **Werknemers moet 'n gesonde afstand hou.**
- **Inbelsentrums kan dienste uitbrei met streng gesondheidsprotokolle in plek.**

10. Noodsaaklike goedere vir invoer *Artikel 22(1)*

- **Voedsel produkte insluitende nie alkoholiese drank en dierevoer**
- **Vroulike sanitêre produkte en kondome**
- **Handsanitiseerders, ontsmettingsmiddels, seep, alkohol vir industriële gebruik, huishoudelike skoonmaakprodukte, persoonlike beskermde toerusting behalwe gesigsmaskers**
- **Produkte vir die versorging van babas en kleuers**
- **Persoonlike toiletware, insluitend haar-, liggaams- en gesigsorgprodukte, roll-ons, deodorant en tandheelkundige sorg**
- **Mediese en hospitaalvoorrade, medisyne, toerusting en persoonlike beskermde toerusting uitsluitend gesigmaskers**
- **Brandstof, insluitende steenkool, hout, parrafien en gas**
- **Hardeware en voorrade en parte**
- **Parte vir na-verkoop voertuig herstelwerk**
- **Chemikalieë, verpakkings- en aanvullende produkte wat gebruik word in die vervaardiging van enige van hierdie produkte**
- **Materiaal benodig vir gesigsmaskers en ander persoonlike beskermde toerusting.**
- **Rekenaars, mobiele telefone en ander toerusting om van die huis af te kan werk.**

11. Goedere wat uitgevoer mag word *Artikel 22(1)(e)*

- **Landbou, agroverwerkings, bosbou en visvangprodukte**

- **Vervaardigingsprodukte en mynprodukte wat toegelaat is vir produksie onder vlak 4**

12. <u>Noodsaaklike dienste *Artikel 16(3)*</u>

- **Mediese, Gesondheid insluitende geestesgesondheid, Laboratorium en mediese dienste en die Nasionale Instituut vir oordraagbare siektes**
- **Rampbestuur, brandvoorkoming, brandbestryding en nooddienste**
- **Die bankwese insluitende die Posbank**
- **Die betalingswese**
- **Die finansiële markte**
- **Die versekeringswese**
- **Die spaar en beleggingswese**
- **Pensioenfondsadministrasie**
- **Uitgekontrakteerde administrasie**
- **Mediese skemas**
- **Addisionele dienste soos voorgeskryf in direktiewe**
- **Skuldinvordering uitgesluit**
- **Dienste vir die voorsiening van maatskaplike toelaes**
- **Produksie en verkoop van goedere soos uiteengesit in die regulasies**
- **Elektrisiteit, water, gas, brandstof produksie en verskaffing en onderhoud**
- **Kritieke poste vir noodsaaklike regeringsdienste soos bepaal deur die hoof van die nasionale of provinsiale departemente in ooreenstemming met die leiding van die Departement van Staatsdiens en Administrasie, insluitende betalings vir maatskaplike toelaes en pensioenuitbetalings**
- **Noodsaaklike munisipale dienste**
- **Versorgingsdienste en maatskaplike verligting van nood wat aan bejaardes, geestesongesteldes, persone met gestremdhede, siekes en kinsders voorsien word**
- **Begrafnis en verassingsdienste insluitende lykshuisdienste en die vervoer van liggaamlike oorskot**
- **Wildsbestuur, teenstropery, diereversorging en veeartsenykundige dienste**
- **Koerante, uitsaai en telekommunikasie infrastruktuur en dienste, insluitende inbelsentrums wat krities is vir die ondersteuning van hierdie dienste**
- **Produksie en verkoop van enige chemikalieë, higiëne produkte, farmaseutiese produkte vir die mediese en kleinhandelsektor**

- **Skoonmaak, sanitasie, plaagbeheer, riool, afval en vullisverwyderingsdienste**
- **Dienste wat verband hou met die noodsaaklike funksionering van die howe, regterlike beamptes, die Meester van die Hooggeregshof, balju's en regspraktisyns benodig vir daardie dienste**
- **SARS**
- **Polisie, Vredesbeamptes, Verkeersbeamptes, militêre mediese personeel en soldate, Korrektiewe Dienste amptenare, verkeersbestuur dienste**
- **Posdienste en koerierdienste wat verband hou met die vervoer van mediese produkte**
- **Private sekuriteitsdienste**
- **Lugverkeernavigasie, burgerlugvaartowerheid, lugvaarte, vragversending en dokwerfdienste**
- **Goud, goud raffinaderye, steenkool en myne**
- **Akkommodasie vir die gebruik van persone wat noodsaaklike dienste lewer, kwarantyn, isolasie en die inperking**
- **Produksie, vervaardiging, verskaffing, logistieke, vervoer, aflewering, kritieke onderhoud en herstel in verhouding tot die lewering van noodsaaklike dienste insluitende parte en toerusting**
- **Vervoerdienste vir persone wat noodsaaklike dienste en goedere lewer en vervoer van pasiënte**
- **Dienste gelewer deur die Uitvoerende Gesag, Lede van die Parlement, Lede van die Provinsiale Wetgewers, Lede van Munisipale Rade, die Regbank, Tradisionele leiers en Nasionale ampsdraers van politieke partye verteenwoordig in die Parlement**
- **Kommissarisse vd SA menseregtekommissie, Geslagskommissie, Kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe, die Openbare beskermer en die adjunk-openbare beskermer, die OVK**
- **Vervoer en logistiek itv vrag en goedere vir die lewering aan buurstate**
- **Insleepdienste en voertuig herteldienste**
- **Belsentrums benodig vir die lewering van gesonde, veilige, maatskaplike ondersteuning, regerings-en finansiële dienste, herstrukturering van skuld vir verbruikers en kleinhandelaars, toegang tot kort-termyn versekering**
- **Oes en stoor bedrywighede noodsaaklik vir die voorkoming van die vermorsing van primêre laandbougoedere**
- **Implementering van betaalstelsels van salarisse vir werkers**

- **Krietieke onderhoudsdienste wat nie vir langer as 21 dae uitgstel kan word nie en wat noodsaaklik is om bedrywighede te hervat**
- **Ambagte wat nodig is vir die lewering van noodherstelwerk, insluitende loodgieters, elektrisiëns, slotmakers, glansers en dakherstelwerk**
- **Ambagte wat nodig is vir dringende motorherstelwerk vir alle persone**
- **Inligting- en kommunikasietegnologiesedienste wat aan entiteite en instansies gelewer word, wat betrokke is by die lewering van noodsaaklike dienste ingevolge hierdie regulasies.**